SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: RAPPORT

Date: 25-Jan-2004

Topic: 19

Ref No: 386

1

ID: 03040906-01

Source Page: 1

# Mielieprys sal nie te veel op loop sit, sê voedselprysman

**JOHANN VAN TONDER**

Die kleinhandelprys van mielies, Suid-Afrika se stapelvoedsel wat ook as belangrike insetproduk vir ander voedsel en veevoer dien en 'n belangrike dryfveer van voedselinflàsie is, behoort nie op kort termyn veel te styg nie – ondanks 'n kleiner as verwagte oes en die verswakking van die rand.

Só sê prof. Johann Kirsten, voorsitter van die Voedselprysmoniteringskomitee en hoof van die departement landbou-ekonomie aan die Universiteit van Pretoria (UP).

'n Ontleding wat Kirsten en me. Michela Cuts, navorser by die UP, op versoek van Sake-Rapport gedoen het, toon dat die kleinhandelprys van mielies tussen Januarie en April/Mei met tussen 3% en 8% kan styg. Kirsten sê die waarskynlikheid is baie groter dat die styging 3% sal wees, veral as die goeie reën van die afgelope tyd voortduur. In die slegste moontlike geval kan die styging 12% wees. Dit is veel minder as die sowat 20% wat onlangs deur sekere belangegroepe voorspel is.

Kirsten sê dié ontleding kan deel vorm van die Voedselprysmoniteringskomitee se werksaamhede om die uitwerking van onder meer die droogte en die wisselkoers van die rand op voedselpryse te bepaal.

Die kabinet het Donderdag tydens die aankondiging dat die regering 'n bykomende droogtehulppakket van R250 miljoen tot die reeds aangekondigde R230 miljoen beskikbaar gaan stel, gemeld dat die Voedselprysmoniteringskomitee se lewe verleng is en dat spesifieke aandag verleen moet word aan die gevolge van die droogte en die swakker rand.

Kirsten sê die komitee se verslag oor voedselpryse vir verlede jaar is voltooi en reeds aan die minister van landbou en grondsake oorhandig, wat dit sal bekendmaak ná die bevindinge oorweeg is.

Hy meld die manier waarop verskaffers, soos meulenaars, hul aankope doen as 'n belangrike rede waarom die styging in die kleinhandelprys van mielies klein behoort te wees. Hulle koop gewoonlik voorraad vir sowat vier maande. En die aankope is gedoen toe die rand nog op sterker vlakke en die mielieprys nog betreklik laag was.

Die situasie is nou die omgekeerde van sowat twee jaar gelede toe die rand verstewig het en verskaffers nie dadelik besparings aan verbruikers deurgegee het nie omdat hulle nog duurder mielies in voorraad gehad het.

Mnr. Francis Jurgens, bestuurder vir graan en oliesade by AMT, stem saam met Kirsten dat 'n groot styging in die kleinhandelprys van mielies onnodig is – selfs al toon die jongste oesskatting dat daar 'n tekort aan mielies geproduseer gaan word. Die jongste skatting is 'n mielie-oes van 6,8 miljoen ton teenoor die 9,39 miljoen ton van verlede jaar.

Hy sê dit is uiters moeilik om nou 'n akkurate oesskatting te doen en dat groter duidelikheid ná die reënseisoen verkry sal word. Indien dit goed reën, kan die oes en die weiding vir vee verbeter en dit sal die opwaartse druk op die mielieprys verminder.

Die termynmarkprys van mielies wat oor drie maande gelewer word, het die afgelope week baie geskommel. Die prys vir wit mielies het ná die goeie reën in 'n stadium tot R1 307 gedaal, teenoor R1 397 'n week gelede, voordat die prys Vrydag weer tot R1 365 herstel het.

Die prys hang ook af van die internasionale vraag.

Jurgens sê egter die plaaslike prys sal moeilik langdurig tot bo die internasionale prys kan styg, want dan sal mielies bloot ingevoer word. Hy sê aan die kus word koring reeds teen R150 per ton goedkoper as die plaaslike prys ingevoer.

Kirsten en Jurgens sê die vertoning van die rand is die sleutel vir wat met voedselpryse op lang termyn sal gebeur. 'n Drastiese verswakking in die waarde van die rand kan sterk opwaartse druk op graanprodukpryse plaas. En dit kan voedselprysinflasie aanjaag, wat rentekoerse kan laat toeneem.